Tel: 012 754 2100
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za
Reg No: 2015/0142111/08

713 Stephan Street
Montanapark 0182
PO Box 908125 Montana 0151

# INLIGTINGSTUK 2026

## Skoolreëls, missie en toelatingsvereistes

Baie welkom by KIDDIE JUNCTION Kleuterskool.

***Neem asseblief kennis van die volgende wat onder u aandag gebring word voordat u die vorms voltooi en die kontrak teken:***

* U moet al die bladsye volledig voltooi.

* Voltooi die kontrak met SWART PEN.

* Albei ouers teken en parafeer die kontrak.

* Maak seker elke bladsy is geparafeer.

* Met geskeide ouers teken die persoon verantwoordelik vir die betaling.

| VIR KANTOORGEBRUIK: | | |
|---|---|---|
| **BESKRYWING:** | **JA** | **NEE** |
| Alle blasye vandie kontrak is geparafeer | | |
| Alle inligting is volledig voltooi | | |
| Kontrak is geteken | | |
| Bewys van adres (nie ouer as 3 maande) | | |
| Mediesefondskaart | | |
| Opgedateerde immuniseringskaart | | |
| | | |

KIDDIE JUNCTION is ‘n Afrikaanse Christen skool wat omsien na kinders vanaf 3 maande tot en met 5 jaar.



Parafeer

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

Ons streef na ‘n rustige, liefdevolle en gedissiplineerde omgewing waar kinders veilig en gelukkig is en met selfvertroue kan groei en ontwikkel. Veiligheid en higiëne is vir ons ‘n prioriteit.

KIDDIE JUNCTION bied ‘n omvattende program, goedgekeur deur ‘n gekwalifiseerde arbeidsterapeut, wat:

- Kleuters lief sal maak vir leer deur fisiese ontwikkeling en aanpasbaarheid.
- Elke kind as ‘n individu erken met unieke behoeftes en ‘n individuele persoonlikheid.
- Christelike beginsels toepas in die opvoeding van u kind.
- Kleuters stimuleer op ‘n sosiale en intellektuele vlak deur gekwalifiseerde personeel.
- Kiddie Chef, Kiddie Tech, Kiddie Lab en Kiddie Tunes vorm deel van die leerplan.
- Ons fokus verkieslik op ‘n positiewe dissiplineringstelsel in noue samewerking met ons ouers.
- Bak en Brou asook sensoriese stimulasie word gereeld gedoen.
- Opsionele buitemuurse aktiwiteite wat deur buite diensverskaffers aangebied word.



Parafeer

## Toelating:

Kinders vanaf 3 maande tot 5 jaar.
Daar is die volgende klassies:

| | |
|---|---|
| Bytjies: | 3 – 12 maande |
| Eekhorinkies: | 12 – 24 maande |
| Bokkies: | 2 – 3 Jaar |
| Leeutjies: | 3 – 4 Jaar |
| Dinosourusse: | 4 – 5 Jaar |

## Fooie vir 2026: (2027 se fooie sal in Oktober beskikbaar wees)

| | |
|---|---|
| Nie-terugbetaalbare Jaarlikse Ontwikkelingsfooi:<br>(Pro-rata vir inskrywings gedurende die jaar) | R1 000.00 |
| Voldag Skoolgeld betaalbaar oor 12 maande<br>(10% afslag op tweede- en derde kind) | R4 410.00 |
| Halfdag Skoolgeld betaalbaar oor 12 maande: | R3 750.00 |
| Dagfooi: | R260.00 |

**Waarvoor word die Ontwikkelingsfooi gebruik?**
- Eerste kommunikasieboekie (as die boekie verlore raak of verniel word moet daar R20 betaal word vir 'n nuwe boekie.)
- Naamkaartjies
- Kotlinne / matrasoortresel / bedjies
- Skryfbehoeftes
- Kiddie Chef lekkers en bestanddele
- Instandhouding van skool
- Opvoedkundige toerusting

**Om kind te registreer en op klaslys te plaas:**

- 50% van die ontwikkelingsfooi (afhangende van die maand waarin kind inskryf.)

**Nadat kind ingeskryf is en begin skoolbywoon:**

- Uitstaande 50% van ontwikkelingsfooi
- Eerste maand se skoolgeld ten volle.

**Vanaf die tweede maand van skoolbywoning:**

- Volle maand se skoolgeld.

Skoolgeld is streng vooruitbetaalbaar voor die ***7de*** van elke maand. Skoolgeld is betaalbaar in ***12 maandelikse paaiemente.***

U faktuur sal maandeliks aan u ge-epos word op die 22ste van elke maand vir die daaropvolgende maand se skoolgeld. Internet/elektroniese betalings is aanvaarbare metodes van betaling. U rekeninkode / kind se naam dien as betalingsverwysing sodat betalings maklik geallokeer kan word. Weens veiligheidsredes word geen kontantbetalings aanvaar nie.

Geen kortings / tariefverminderings word gemaak ten opsigte van afwesigheid van kleuters nie. Indien u kind om enige mediese of persoonlike rede uit die skool gehou word vir 'n tydperk, is R1000

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

reserveringsfooi betaalbaar om u kind se plek te verseker.

Indien u kind vir slegs 3 dae per week ingeskryf is, word daardie 3 dae as ’n vaste reëling gesien. Indien u kind siek is of daar ‘n vakansiedag is, bly die skoolgeld betaalbaar. Die kind kan nie ander dae kom indien een van die dae gemis was om op te vang nie.

**Let asb. daarop dat Desember se skoolgeld voluit betaal moet word. Indien u kennis gee 1 November sal u steeds aanspreeklik gehou word vir November en Desember se tarief.**

| ______________ | ______________ | ____________________ |
|---|---|---|
| **Ouer Handtekening** | **Ouer Handtekening** | **Dr. Kobie / Rihandi Handtekening** |

Skoolfooie verhoog jaarliks op 1 Januarie en u sal jaarliks in Oktober van die verhoging verwittig word. Indien dit nodig sou wees om gedurende die jaar die fooie te verhoog, onderneem ouers om die verhoogde fooie te betaal asof die bedrag in hierdie ooreenkoms genoem is.
Die jaarlikse ontwikkelingsfooi wat betaalbaar is in **November** word aangewend vir die skool se instandhouding asook die aanvul van speelgoed gedurende die jaar.

Invorderingskoste ten opsigte van laat betalings van R50-00 per dag is addisioneel betaalbaar indien die betaling van fooie vir die versorging van u kind(ers) die skool later as die sewende (7) dag van ‘n maand bereik.
Indien fooie nog uitstaande is teen die 15de van die maand, behou die skool die reg voor om die kontrak met onmiddellike effek te kanselleer en sal kind(ers) nie ontvang word vir verdere versorging voor die rekening op datum gebring is nie.

## Skoolure:

Maandag tot Vrydag 06:00 - 17:30

Vooraf reëlings moet asb. getref word indien u gaan laat wees om u kind by die skool af te haal. ’n Boete van R100 per halfuur of 'n gedeelte daarvan sal op u rekening gehef word indien u laat is.

Kleuters moet asb. nie by die hek afgelaai word nie, maar deur die ouer aan ‘n personeellid oorhandig word. U kind moet binne in die perseel afgehaal word. Die leerder word daagliks deur ’n kontrole toepassing ingeteken en uitgeteken.

Hou sy/haar hand vas totdat hy/sy veilig in die motor is.

Dit is ook belangrik dat u in die omgewing van die skool asseblief te alle tye versigtig moet bestuur en ook nie vining moet ry nie. Wanneer u tru moet u ook asseblief seker maak dat daar nie kinders agter u voertuig is nie.

Ouers word versoek om betyds te wees aangesien die dagprogram om 08:30 begin en u kleuter sekere aktiwiteite kan misloop indien hy/sy laat is.

## Vakansies en publieke vakansiedae:

**Die skooltjie sal tydens vakansies oop wees behalwe op die volgende dae:**
**Vyf dae in die Junie/Julie-vakansie, publieke vakansiedae, naweke, as daar ‘n publieke vakansiedag op ‘n Dinsdag val en die Maandag is ‘n skole vakansiedag, is ons die Maandag gesluit en dieselfde met ‘n publieke vakansiedag op ‘n Donderdag, is ons die Vrydag gesluit en**



Parafeer

**Desember vakansie.**

'n Vakansieprogram sal gevolg word tydens skoolvakansies.

## 2026 Gauteng Skoolkalender:

| Kwartaal: | Gauteng | | |
|---|---|---|---|
| | **Open:** | **Sluit:** | **Aantal weke:** |
| **Eerste** | 15 Januarie | 27 Maart | 11 |
| **Tweede** | 8 April | 26 June | 12 |
| **Derde** | 21 Julie | 23 Septeber | 10 |
| **Vierde** | 6 Oktober | 11 Desember | 10 |

2026 se belangrike datums en datums waarop die Kleuterskool gesluit is:

| | |
|---|---|
| Kleuterskool open | 7 Januarie |
| Menseregtedag | 21 Maart |
| Paasnaweek | 3 - 6 April |
| Publieke vakansiedag | 6 April |
| Vryheidsdag | 27 April |
| Werkersdag | 1 Mei (Vrydag) |
| **Spesiale vakansiedag** | **15 Junie** |
| Jeugdag | 16 Junie |
| **Kleuterskool gesluit** | **29 Junie - 3 Julie (herstelwerk word gedoen)** |
| Nasionale Vrouedag | 9 Augustus |
| **Spesiale vakansiedag** | **10 Augstus** |
| Erfenisdag | 24 September |
| Skole vakansiedag | 25 September |
| Versoeningsdag | 16 Desember |
| Kleuterskool gesluit | 15 Desember |

## Ververings en voedsel:

Ontbyt: 08:00
Happie Tyd: 10:00 (Self Voorsien deur ouers)
Middagete: 11:30
Happie Tyd: 15:00 (Self Voorsien deur ouers)

'n Twee-weeklikse spyskaart vir bogenoemde Ontbyt en Middagete is beskikbaar. Kleuters kry daagliks gesonde en gebalanseerde etes.

Ouers voorsien 'n "snacky" vir 10:00 en 15:00 asook die maatjie se sappie. Ons sal te alle tye koue of kamertemperatuur vars drinkwater voorsien.

Die vernaamste beginsels is dat die "snacky" pakkies BREINKOS moet bevat. Daar mag asb. geen lekkers in die "snacky" pakkies wees nie. Daar mag asb. geen gaskoeldrank asook Powerade of enige ander energie drankes skooltoe gestuur word nie. Die pakkies hoef ook nie oordadig wees nie.

Ontbyt word slegs tot 08:15 bedien. Indien u kleuter ná hierdie tyd by die skool arriveer moet hy/sy



Parafeer

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

asb. reeds by die huis klaar geëet het.

## Dagprogram:

Tye verskil by verskillende ouderdomme (Elke klas se spesifieke dagprogram is in u kind se klas beskikbaar.)

| | |
|---|---|
| 06:00 - 07:45 | Kinders arriveer |
| 07:45 - 08:00 | Hande was en toiletroetine |
| 08:00 - 08:20 | Ontbyt |
| 08:20 - 08:45 | Oggendkring en Bybelstories en sing Christelike liedjies |
| 08:45 - 09:45 | Werkie tyd |
| 09:45 - 10:00 | Hande was en toiletroetine |
| 10:00 - 10:30 | Snackie tyd |
| 10:30 - 11:00 | Buite speeltyd |
| 11:00 - 11:10 | Hande was en toiletroetine |
| 11:10 - 11:30 | Middagete |
| 11:30 - 11:45 | Storietyd |
| 11:45 - 12:00 | Maak reg vir slapietyd |
| 12:00 - 14:00 | Slaaptyd |
| 14:00 - 14:30 | Toiletroetine |
| 14:30 - 15:00 | Buite speel en hande was |
| 15:00 - 15:30 | Snackie |
| 15:30 - 17:30 | Buite speel |

## Wat u kind moet bring:

Kleuters – Daaglikse tassie met:

- ‘n Skoon stel klere
- Sonblok
- Hoed
- Trui of baadjie
- Kombersie
- Koeldrankbottel gevul met vloeistof van u keuse. Ons maak weer bottels vol na ontbyt.

Babas en peuters – Daaglikse doeksak met:

- Twee of drie bottels met regte hoeveelheid gekookte water
- Formule melk reeds afgemeet in digverseëlde houertjie
- Sonblok
- 6 weggooidoeke per dag
- Boudjiesalf
- 1 pak, ‘wet wipes’ per maand
- 2 stelle skoon klere
- Kombersie
- Spoegdoek (daagliks skoon een asb.)
- Verfhempie wat by die skool bly en mag vuil word

Vir Baba’s vanaf 4 maande tot 12 maande versoek ons dat ‘n asemhalingsmonitor ook saam skool toe gestuur word. Verkieslik ’n “snooza”.

Ons versoek ook ouers om die volgende voorraad halfjaarliks te stuur:

## Juniors: (Bytjies en Eekhorinkies)

**Januarie**

- 7 x Bokse Sneesdoekies
- 7 x wet wipes



Parafeer

- 1 x Pritt
- 1 botteltjie Calpol / Panado / botteltjie Nurofen

**Junie**

- **7** x Pakke Wipes
- 7 x Bokse Sneesdoekies
- 1 x Pritt
- 1 botteltjie Calpol / Panado / botteltjie Nurofen

### Seniors: (Bokkies, Leeutjies en Dino's)

**Januarie**

- 3 x Bokse Sneesdoekies
- 7 x wet wipes
- 1 x Riem papier
- 1x Boksie vetkryte (Leeutjies en Bokkies klas)
- 1 x Pritt
- 1 x pakkie uitdraaikryte (Dino klas)
- 1 botteltjie Calpol / Panado / botteltjie Nurofen

**Junie**

- 3 x Bokse Sneesdoekies
- 7 x wet wipes
- 1 x Riem papier
- 1 x Pritt
- 1 x pakkie gekleurde bordkryt
- 1 botteltjie Calpol / Panado / botteltjie Nurofen

Die bydraes wat ons halfjaarliks ontvang help die skool geweldig met die aanvul van voorraad.

## Veiligheid & Vrywaring:

'n Kode om by die eerste hek in te kom word aan ouers verskaf. Vir veiligheidsredes vra ons dat u asb nie die kode sal uitgee nie. Moet asb nie hek oop hou vir ander ouers nie aangesien die verslag van toegang gekontroleer word.

Die skoolterrein is toegerus met goeie kwalitiet CCTV kameras en opnametoerusting. Hierdie toerusting is geïnstalleer vir die veiligheid, beskerming en sekuriteit van die skool, die kinders en die personeel. Geen toegang sal verleen word aan ouers/en of derde persone tot die videomateriaal sonder die magtiging van 'n hofbevel nie.

Moet asb vir geen persoon die hek oophou nie. Elke ouer moet self die kode indruk of die klokkie lui indien hulle die kode vergeet het. Maak asb ook seker dat die hek te alle tye toegestoot word indien u daardeur beweeg.

Geen ouers en kinders mag deur die motorhek beweeg om in die skool in te kom nie.

Geen persoon anders as wat aangedui is op 'n kind se inskrywingsvorm, mag 'n kind kom haal sonder 'n skriftelike toestemming van die ouers nie. Bewys van ID moet op aanvraag verskaf word.

Oefening van die noodplan sal ten minste twee maal per jaar plaasvind. Die personeel se noodhulp- en vuurbestrydingsopleiding word gereeld hersien.

Die skool behou die reg voor om indien 'n kind met enige beserings of merke by die skool arriveer, die ouer te vra om die aard en rede vir sodanige beserings te meld. Indien die ouer weier om sodanige inligting te meld of geen / nie voldoende verduideliking vir die kind se toestand gee nie, sal die skool verplig wees om die aangeleentheid by die Suid-Afrikaanse Polisiediens en / of Departement Gesondheid en Welsyn te rapporteer.

Geen verslae (anders as die vorderingsverslae soos hierin vermeld) ten opsigte van die welstand van



Parafeer

die kind(ers) sal deur die skool beskikbaar gestel word op versoek van ouers of derde partye sonder 'n hofbevel of 'n brief van die Kommissaris van Kindersorg nie.

Die skool sal ook onder geen omstandighede betrokke kan raak by ‘n egskeidingsgeding tussen ouers nie.

Die eienaars, bestuur, verhuurder of enige werknemer of verteenwoordiger van hierdie maatskappy sal hoegenaamd nie aanspreeklik gehou word vir enige besering, dood of siekte van enige persoon of die verlies of vernietiging van of skade aan enige persoonlike eiendom wat voortspruit uit die gebruik van hierdie fasiliteite nie en by die ingang van hierdie perseel ongeag die oorsaak daarvan.

Toegang tot hierdie perseel is streng op eie risiko.

Die bestuur behou die reg van toelating voor. Kiddie Junction Kleuterskool is 'n nie-rook skool. Geen alkohol, dwelms en vuurwapens word op die perseel toegelaat nie

Enige persoon wat die perseel betree, kan deursoek word.

## Kennisgewings aan die skool:

Ouers moet asseblief skakel en die skool inlig indien ‘n kleuter tydelik afwesig sal wees.

Skriftelike kennis van een kalender maand word vereis indien u kind die skool sou verlaat.

**Indien u kennis gee 1 November sal u steeds aanspreeklik gehou word vir November en Desember se tarief.**

| ____________________ | ____________________ | ____________________ |
|---|---|---|
| **Ouer Handtekening** | **Ouer Handtekening** | **Dr. Kobie / Rihandi Handtekening** |

Indien u nie duidelikheid hieromtrent het nie, bespreek dit dan asb met die ondertekening van hierdie ooreenkoms. Indien die korrekte keninsgewings prosedures gevolg word of as u kind se skoolloopbaan by Kiddie Junction geëindig het, sal die deposito gebruik word vir skoolgeld van die laatste maand wat die kind skool bywoon.

Hierdie kontrak is vir ‘n onbepaalde tydperk en kan alleenlik beëindig word in die volgende omstandighede:

- Die skool het die reg om toegang tot die skool vir die kleuter te weier indien enige van die terme van hierdie kontrak, of indien enige van die reëls van die Kleuterskool nie deur die kleuter se ouers nagekom word nie. Hierdie kontrak kan onmiddellik sonder kennisgewing beëindig word. Die skool word nie vereis om in hierdie geval enige redes aan te voer en/of hierdie kontrak op een kalendermaand se skriftelike kennis te beëindig nie.
- Indien die ouers versuim om die skool se maandelikse fooi stiptelik te betaal in elke geval sal dit nie vir die skool nodig sal wees om die ouer skriftelik kennis te gee van sy voorneme nie.
- Die ouers sal geregtig wees om die kontrak te beëindig indien die ouer een kalendermaand kennis, soos hierbo uiteengesit, gee. Die ouer erken verder dat die kontrak slegs beëindig kan word deur ‘n skriftelike kennisgewing al is die rede van die beëindiging gegrond op mediese redes, onvoorsiene verhuisings of verplasings, verhoogde fooie en ander soortgelyke redes.
- Die kontrak beëindig slegs outomaties as die kleuter Graad R toe gaan.

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

Die skool moet ook dadelik in kennis gestel word indien daar enige verandering in persoonlike inligting is, bv Woonadres of telefoonnommers.

## Skoolkonsert:

Die konsert / gradeplegtigheid is die grootste hoogtepunt in 'n jaar vir die kinders, ouers en personeel. Ons maatjies begin al teen Julie hiervoor oefen. Die skool poog om 'n konsert van die hoogste gehalte te lewer om dit vir u as ouer spesiaal te maak. Daar sal 'n verpligte fooi betaalbaar wees vir elke maatjie se kostuum. Ons poog om die kostuums so te ontwerp dat dit na die tyd weer gebruik kan word. Die bedrag sal betaalbaar wees voor einde September. Kaatjies vir die konsert sal vanaf Oktober te koop wees.

Slegs die maatjies wat die volgende jaar Gr R toe gaan en die Kiddie Junction program voltooi het sal die gradeplegtigheidsgeleentheid bywoon.

## Kleredrag en speelgoed:

Die rooi Kiddie Junction hempies is te koop teen R100 'n hempie. Ons wil graag hê die kleuters moet Vrydae die hempies dra asook met spesiale geleenthede by die skool.

Ouers word versoek om toe te sien dat kleuters gemaklik aangetrek is, sodat hulle met gemak kan speel en mag vuil word. Spel met verf, sand en modder is deel van die dag se werk en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan die belangrike aktiwiteite. U is meer as welkom om klere in te pak wat die personeel kan gebruik wanneer die kinders verf. Die klere moet asseblief in 'n aparte sakkie gesit word gemerk "verfklere".

Geen juwele, serpe of ander los items is toelaatbaar weens die veiligheidsrisiko's daarvan. Die skool neem ook nie enige verantwoordelikheid vir verlore juwele/eiendom nie.

Kleuters word aangemoedig om selfstandig te wees en daarom moet ouers toesien dat kledingstukke maklik deur die kleuter aan- en uitgetrek kan word.

Kort of langbroekies vir die dogtertjies word aanbeveel. Indien u dogtertjie wel 'n rokkie dra, trek asseblief 'n broek onder die rokkie vir haar aan. **Sorg dat jou kleinding se klere gemerk is.** Daar is n krat met al die verlore items. U kan daarin kom kyk as daar dalk 'n item is waarna u soek. Na elke kwartaal sal die krat aan minderbevoorregte kinders geskenk word.

As veiligheidsmaatreël, maak asseblief seker dat u kind geen armbande of hangertjies dra wat aan iets kan vashaak nie of as dit breek of wegraak sal die skool nie verantwoordelikheid neem daarvoor nie. Dit is belangrik dat u kind ten alle tye 'n ekstra stel of twee klere in sy/haar tas het. Pak asseblief 'n voldoende hoeveelheid doeke vir die kinders wat doek dra of onderbroekies vir kleintjies wat "potty" in.

**Om konflik te vermy, word geen speelgoed van die huis af toegelaat by die skool nie.**
Indien u kleuter per ongeluk apparaat of speelgoed huis toe neem, vra ons vriendelik dat u dit vir ons terugbring.

## Verjaarsdae:

`n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in elke kind se lewe en ons deel graag daarin. Tref asb. vroegtydig reëlings met die juffrou indien die kind partytjiepakkies en/of koek skool toe bring. Stel ook asseblief die juffrou minstens 'n week voordat die maatjie verjaar in kennis indien u 'n spesifieke tema gaan gebruik vir die verjaarsdagpartytjie by die skool.



Parafeer

Beperk asb die hoeveelhede sodat daar nie te veel soetgoed vir die kinders gegee word nie. Die juffrou sal goeie riglyne gee vir wat kan werk in haar klas.

## Rakkies en tasse:

Elke baba en peuter sal 'n gemerkte rakkie hê waarin sy/haar tassie gebêre moet word. Die kleuters het 'n spesifieke plek waar hulle, hulle tassies bêre en die juffrou sal hulle wys waar. Dit is die groter maatjies se verantwoordelikheid om hulle skoene en baadjies wat hulle uittrek in hulle tassies te bêre.

U moet hulle asseblief hiermee help en aanmoedig, sodat ons hulle leer om verantwoordelike kinders en later verantwoordelike grootmense te wees. Die Dino's bêre self na slaaptyd hulle tasse buite, dus vra ons dat hulle sakke/tasse asb klein genoeg is dat hulle dit self kan hanteer.

Kontroleer asb DAAGLIKS u kind se tassie. Kyk asb dat daar genoeg klere, onderbroekies, doeke, ens in tassie is en dat daar nie dalk 'n nat of vuil kledingstuk vir u huistoe gestuur is nie.

## Vordering:

Kleuters sal in Januarie nie-amptelik deur die onderwyseres ge-evalueer word sodat daar 'n goeie grondslag is vir die evaluasies in Junie en November. Volledige verslae word in Julie en Desember uitgereik. Indien u kind die skool einde November verlaat, sal die vorderingsverslag ook eers in Desember aan u verskaf word soos per die jaarprogram.

Kleuters sal die akademiese jaar voltooi in die jaargroep waarin hy/sy ingeskryf is.

Aanbevelings vir terapie kan deur die juffrou en hoof voorgestel word en 'n afskrif van die terapieverslag moet asb. ook aan skool gestuur word. Die skool mag die kind weer verwys indien ons nie tevrede met die verslag is nie.

## Kommunikasie aan ouers:

Die A-5 boekie is die meer gereelde kommunikasiemiddel tussen skool en ouer. Die boekie word elke dag deur die personeel ingevul. Ons vra dat u asseblief elke dag die boekie sal nagaan rakende belangrike inligting oor u kind se dag en dat u asseblief die boekie elke dag sal teken.

Kommunikasie en briewe sal in die kommunikasieboek geplaas word sodat inligting maklik bekombaar is. U as ouer moet asb daagliks die boekie onderteken sodat ons weet u dra kennis van die kommunikasie tussen ouer en skool.

Elke klas het ook 'n Whatsapp groep. Die **uitsluitlike** doel hiervan is dat die klasjuffrou, Hoof en/of die Finansies Departement nodige en belangrike inligting sal kan deurgee aan u as ouers. Daar sal weekliks slegs een foto per kind geplaas word sodat die ouers kan sien waarmee ons kleuters daagliks besig is.

U sal ook gereeld 'n ouerbrief ontvang met belangrike datums en inligting wat aan u deurgegee sal word of deur whattsupkommunikasie. Lees asb deeglik om op hoogte te bly van ons aktiwiteite.

Indien u dringend reëlings rakende u kind aan die skool moet deurgee vra ons dat u asseblief eerste die skoolfoon sal bel of vir Juffrou Rihandi sal kontak. Die personeel van Kiddie Juntion mag nie deur die verloop van die dag op hul selfone wees nie. Daar is 'n gegewe tyd wanneer hul mag foto's neem vir die Whatsapp groepie en kan vanaf 12:00 enige boodskappe antwoord. Hierdie reëling is in plek gesit om te verseker dat daar ten alle tye voldoende toesig is vir u kind.



Parafeer

## Probleme en afsprake:

Ouers word hartlik uitgenooi om enige probleme met ons te bespreek. ‘n Afspraak kan vooraf gereël word om te verseker dat ouers en personeel ongestoord kan gesels.

Indien ‘n kind se dissipline of gedrag vir ons kommerwekkend is, sal die juffrou en hoof ‘n afspraak maak met die betrokke kind se ouers. Tydens die afspraak sal ‘n ingrypingsplan bespreek word en ook skriftelik deurgegee word aan die partye na afloop van die afspraak. Indien ons as skool van mening is dat die betrokke insident van so ‘n aard is dat ons hulp van ‘n 3de party, soos ‘n sielkundige, arbeidsterapeut of maatskaplike werker wil inroep, mag ons van hierdie professionele persone gebruik maak om die ouers te ondersteun en die gedrag van die kleuter sinvol aan te spreek.

Die verslae moet assseblief ook aan die skool verskaf word. Professionele dienste sal deur die ouer betaal word.

## Persoonlike inligting en/of spesiale persoonlike inligting:

Data-onderwerpregte

Jy het die volgende regte:
- Om in kennis gestel te word:
- Dat persoonlike inligting (“PI”) oor jouself en die organisasie ingesamel word.
- As of wanneer toegang tot jou PI verkry is, oortree of verlore geraak het.
- Om die identiteit van die Inligtingsbeampte vas te stel en watter kontroles geïmplementeer word om jou PI te beskerm.
- Toegang tot jou PI en/of SPI.
- Die regstelling, vernietiging of verwydering van jou PI.

Jou verantwoordelikheid as 'n datasubjek (ouers/ouer) is om die Inligtingsbeampte op hoogte te hou van enige veranderinge aan jou inligting. Daarbenewens sal ons jaarlikse opdateringsvorms uitstuur wat u moet voltooi en terugstuur.

Persoonlike inligting gehou deur die Kiddie Junction Kleuterskool

Persoonlike inligting Spesiale persoonlike inligting van ouers/voogde
- Rekening Inligting
- E-pos adres
- Noodkontak (indien ouer nie beskikbaar is nie)
- Volle Name van ouers/ouer
- Huis- en posadres
- Huwelikstatus. Indien geskei, die toesig en besoekreëlings
- Telefoonnommers • Krediettelling en verwysings
- ID-nommer
- Mediese fondsnommer en hooflidbesonderhede
- Beroep en plek van diens
- Ouers se siening oor die dissiplinering van hul eie kind by die huis
- Paspoortnommer indien geen SA ID nie
- Betalingsreëlings

Persoonlike inligting Spesiale persoonlike inligting ten opsigte van kinders
- Toelatings- en ontslagdatums
- Ouderdom
- Allergieë
- Bywoningsregister
- Geboortedatum
- Medikasie (word tans toegedien)



Parafeer

- Gedeeltelike sorg vereis, d.w.s. 'n halwe of volle dag • Aannemingsgeskiedenis (indien enige)
- Geboortegeskiedenis
- Kind se mediese geskiedenis
- Vorm 22 – Rapporteer vermoedens van kindermishandeling
- ID-nommer
- Immuniseringsrekord
- Wanneer die kind sy/haar mylpale bereik het
- Redes vir die insameling van persoonlike inligting

PI word wyd gebruik deur gemagtigde personeel slegs in ons daaglikse bestuur en bedrywighede.

1. Vir verbruikers van ons dienste, dit wil sê ouers / voogde van kinders:
a. Voer pligte uit in terme van ons Toelatingskontrak.
b. Bedryf en bestuur fooirekeninge enige toepassings, ooreenkomste en/of korrespondensie tussen hulle Kiddie Junction Kleuterskool
c. Kommunikasie insluitend direkte bemarking per e-pos, SMS, brief, telefoon, van aangesig tot aanwezig, of in enige ander vorm. Whatsapp groepe per klas word ook gebruik as daaglikse kommunikasie.
d. Voer marknavorsing en besigheidsontleding uit.
e. Skuldinvordering.
f. Opdatering van inligting gehou.
g. Voer enige ander redelik vereiste doel vir administratiewe en operasionele funksies uit.
h. Om elke kind se gesinsdinamiek te verstaan om hulle hul ouers in tye van nood te ondersteun.
g. Kliëntediens.

2. Vir potensiële verbruikers:
a. Verifieer inligting.
b. Gaan kredietgradering na.
c. Direkte bemarking.
d. Enige ander redelike doel soos redelikerwys vereis deur Kiddie Junction Kleurskool se kernbesigheid.

3. Vir kinders:
a. Om besluite oor 'n kind se versorging en opvoeding te neem, of te help om te neem.
b. Om 'n siening van elke kind as 'n individu te vorm en om die diens wat gelewer word volgens hul behoeftes te identifiseer en/of te verbeter.
c. Om areas van kwesbaarheid in hul gesondheid en immuniteit, geestelike en/of fisiese welstand te identifiseer.
d. Om die kinders se vordering deur middel van 'n gestruktureerde kurrikulum te monitor en te evalueer.
e. Om die kinders se vordering vanaf 'n kennisbasis aan ouers en voogde te rapporteer.
f. Bevordering na die volgende klas.
g. Om kinders se regte en verantwoordelikhede na te kom.
h. Voor die verwerking van kinders se inligting is toestemming van die Inligtingsreguleerder verkry.

4. Algemeen:
a. Vir regstappe, regulatoriese vereistes of industriekodes waarop ons inteken, of wat op ons van toepassing is, of wanneer dit andersins deur die wet toegelaat word.
b. Om te help met ons besigheidsontwikkeling, prestasie, klanttevredenheid en doeltreffendheid.
c. Om ons webwerfgebruik te monitor.
d. Waar nodig om identiteite vir sekuriteitsdoeleindes te verifieer.
e. Om te reageer op navrae en versoeke van die ouers.
f. Om ouers in kennis te stel van enige veranderinge aan die diens.

**Versameling van persoonlike inligting**
Ons samel PI direk vanaf Data-onderwerpe in wanneer hulle persoonlike besonderhede aan ons verskaf, dit wil sê die Aansoek om Inskrywing of die Aansoek om Indiensneming. Waar moontlik sal



Parafeer

ons ons datasubjekte inlig wanneer inligting opsioneel is.

**Versameling van nie-persoonlike inligting**
Wanneer iemand ons webwerf besoek, vind versameling van nie-persoonlike inligting plaas. Dit stel ons in staat om vas te stel watter bladsye die meeste van belang is vir ons ouers en gee ons baie nuttige metadata wat ons gebruik om besoekers se ervarings op ons webwerf te verbeter. Niemand kan uit hierdie inligting geïdentifiseer word nie. Dit sluit die gebruik van koekies in.

Sekuriteit van persoonlike inligting (databeskerming)

Kiddie Junction Kleuterskool is wetlik verplig om beskerming te bied vir die persoonlike inligting wat ons hou, ongemagtigde toegang en gebruik van die PI te voorkom en verlies van die inligting te voorkom.

Om dit te bereik:
1. Die elektroniese lêers is wagwoordbeskerm.
2. Die papierlêers word in 'n sluitbare kas in die kantoor gestoor.
3. Gebruik van PI is 'n dokument in hierdie beleid en geïmplementeer in Kiddie Junction Kleuterskool. Dit monitor doeltreffend toegang en gebruik van die inligting.
4. Toegang tot PI is in hierdie beleid gedokumenteer en in Kiddie Junction Kleuterskool geïmplementeer.
5. Ons rekenaars en netwerke word veilig beskerm deur die naam van virusbeskermingsagteware, wat inbraak, spioenware en wanware voorkom.
6. Voldoening aan bestuur en regulatoriese norme en standaarde.
7. Onmiddellik reageer op en ondersoek sekuriteitsinsidente.
8. Fisiese sekuriteit, d.w.s.:
a. Toegangsbeheerde hek
b. Elektriese Heining
c. Gekoppelde alarm
d. Biometrie
9. Veilige kommunikasie.

Berging van persoonlike inligting

Die PI wat ons hou word gestoor op:
1. Desktop- en skootrekenaars
2. OneDrive of iCloud
3. Google dokumente
4. Skywe en aandrywers
5. CCTV
6. Telefone
7. Huidige papierlêers op die terrein
8. Geargiveerde papierlêers by 'n eksterne fasiliteit buite die perseel geleë by Rent me Storage
9. Toerusting met elektroniese bergingsvermoë

Toegang tot persoonlike inligting

Ouers/voogde het die reg om 'n afskrif aan te vra van die persoonlike inligting wat ons oor hulle persoonlik en hul kinders hou.
1. Kontak asseblief die Inligtingsoperateur in die kantoor om 'n versoekvorm te bekom.
2. Ons is te alle tye deeglik bewus van kinders se regte op privaatheid en beskerming en alle redelike stappe sal geneem word om die identiteit van die persoon wat die inligting versoek te bevestig.
3. 'n Versoek om inligting kan gehef word, ooreenkomstig POPIA.
Persoonlike inligting sal nie bekend gemaak word nie, tensy:
1. Ouers/Voogde 'n versoek rig dat inligting met 'n wettige persoon/organisasie/liggaam gedeel word.
2. Onderwyspraktisyns het toegang tot die kind se mylpale en vorige assesserings.
3. Indien toestemming verleen word, sal kontakbesonderhede van buitemuurse diensverskaffers met die ouers gedeel word.

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

4. Indien toestemming verleen word, sal klaslyste met kontakbesonderhede met ouers in daardie klas gedeel word.
5. Die ouers sal kies om hul kontakbesonderhede met die buitemuurse verskaffers te deel.
6. Allergie-inligting word met die werknemers gedeel om die kind veilig te hou teen skade deur te verhoed dat hulle met die allergeen in aanraking kom.
7. In die geval dat Vorm 22 (Bewerings van Kindermishandeling) gebruik word, sal die name en besonderhede slegs gedeel word op 'n streng behoefte-om-te-weet-basis soos voorgeskryf in die instruksies op die vorm.
8. Kinders se verslae en assesserings (slegs gedeel met die kind se ouers/voogde).
9. Covid-19 inligting sal gedeel word volgens die bepalings onder die Nasionale Staat van Ramp.
10. As ons opreg glo dat ons besigheid of reputasie bedreig word.
11. Wanneer 'n geregshof vereis om dit te doen.
12. Alhoewel ons nie jou persoonlike inligting verkoop nie, sou ons 'n verkoopsooreenkoms, samesmelting, konsolidasie, 'n verandering van beheer van ons sentrum, herorganisasie en/of likwidasie van ons besigheid aangaan, sal die koper daarvan gebonde wees aan dieselfde bepalings en voorwaardes wat op ons van toepassing is ten opsigte van enige persoonlike inligting van enige datasubjekte, tensy anders verskaf.

Uitvee van persoonlike inligting
1. Persoonlike inligting word vir 'n spesifieke doel ingesamel, dit sal uitgevee word sodra daardie doel bereik is, tensy dit om wettige redes gehou moet word.
2. Met behulp van die dokumentbehoudtye wat in die verskillende Suid-Afrikaanse wette gelys word, vee ons inligting uit ons papierlêers, elektroniese toestelle en rugsteunstelsels uit.
3. Inligting word nooit langer gehou as wat vereis word nie en word veilig op die korrekte tydraamwerk uitgevee, bv.:
a. Kontrakte – Sodra u kind die skool verlaat
b. COVID-19-registers – 1 jaar vanaf die datum van die register
c. Ander registers – 3 jaar vanaf die datum van die register
d. Aansoekvorms – Sodra u kind die skool verlaat

## Medisyne en siektes:

SLEGS medikasie deur ‘n mediese dokter voorgeskryf, sal aan kleuters toegedien word by die skool.

Geen oor die toonbank-medikasie of vitaminies sal sonder voorskrif toegedien word nie. Medikasie sal net 12:00 toegedien word. Die oggend dosering moet asseblief reeds by die huis gegee word. Geen medisyne word in skooltasse toegelaat nie. U as ouer is verantwoordelik om in die medisyne leêr opdragte neer te skryf en daarby te teken, sowel as om die medisyne weer huis toe te neem. Indien u nie die medikasie wat toegedien moet word aan u kind in die medisyneleêr skryf en daarby teken nie, kan ons ongelukkig nie die medikasie vir u kind gee nie. Antibiotika mag in die yskas in die kombuis gebêre word. Medikasie moet asb duidelik gemerk word en in ‘n plastiek sakkie gebêre word.

Indien u kind by die skool siek word sal die personeel u kontak om u kind te kom afhaal. Enige ligte besering sal deur die personeel met noodhulpkwalifikasie hanteer word.

‘n Toestemmingsbrief vir die toediening van medikasie word deur u ondertekening en op u kind se leêr gebêre. Indien u kind koors het, sal ons u eers kontak om toestemming te kry om vir u kind koorsmedikasie te gee. Ons sal slegs Panado, Calpol en Neurofen beskikbaar hê. Daar word in die maatjie se kommuniksaieboekie geskryf dat die ouers gekontak is en wat die die ouers se aanbeveeling is van medisyne wat ons vir die kind moet gee. Die personeel gaan die medisyne se naam neer skryf, hoeveelheid gegee asook die tyd wanneer die medisyne toegedien is.

Kinders wat die vorige dag of nag koors gehad het, moet asb nie skool toe gestuur word voordat die koors onderbeheer is nie. U sal onmiddellik gekontak word om u kind te kom haal indien hy/sy weer koors ontwikkel by die skool.



Parafeer

Waar aansteeklike siektes gediagnoseer is moet kind(ers) tuis versorg word totdat hulle nie meer aansteeklik is nie. U moet ook asseblief die skool hiervan inlig sodat ons ander ouers kan inlig om op die uitkyk te wees vir simptome.
Kopluise maak van tyd tot tyd hul verskyning in enige skool en word hierdie saak in 'n base ernstige lig beskou. Kopluise word deur die Departement van Gesondheid as aansteeklik beskou. Indien daar, met inspeksie, kopluise op kind(ers) se koppe gevind word sal ouers versoek word om onmiddellik hul kind(ers) by die skool te kom haal. Geen kind(ers) sal verder by die skool ontvang word indien ALLE tekens van luise en nete van die kop verwyder is nie.

Ten einde die skoolomgewing so ver as moontlik "kiemvry" te hou, die groei van mikrobiologiese organismes en kruis-kontaminasie van ons kleuters te beperk, maak ons gebruik van die dienste van 'n betroubare maatskappy om op 'n weeklikse basis die skool te ontsmet met 'n veilige en geregistreerde ontsmettingsmiddel. (Sprinkle Spray)

**VIGS-BELEID** - Dit stem ooreen met die algemene vigs-beleid van Suid-Afrika en behels die volgende:
- Kleuters sal geleer word om nie aan bloed of wonde van enige maat te raak nie, maar 'n personeellid te roep om te help.
- Rubberhandskoene moet deur die personeellid of persoon gedra word om 'n pasiënt wat seergekry het te versorg en help.
- Elke personeellid en kleuter het die reg op menswaardige behandeling en privaatheid.

**Aansteeklike siektes sluit in**:

| **Siekte toestand:** | **Terugkeer na skool:** |
|---|---|
| Mangelontsteking | Ten minste 48 uur |
| Duitse Masels (Rubella) | 1 week nadat uitslag verskyn het |
| Hepatitis A | 7 dae na verskyning van geelsug |
| Kinkhoes | 3 – 6 weke na aanvang |
| Luisinfestasie | Na algehele reiniging en verwydering van kop, liggaam en klere (nete en luise) |
| Masels | Gedurende die volle periode van siekwees en uitslag Immunisering is baie belangrik! |
| Breinvliesontsteking | By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat |
| Pampoentjies | Vanaf aanvang van simptome tot swelling weg is |
| Skabies | 24 uur na behoorlike en effektiewe behandeling |
| Maagkoors / Rota Virus/ Diarree met koors | By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat of totdat diarree heeltemal opgeklaar het. |



Parafeer

Tel: 012 754 2100 | 713 Stephan Street
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za | Montanapark 0182
Reg No: 2015/0142111/08 | PO Box 908125 Montana 0151

| | |
|---|---|
| Waterpokkies | Twee dae voordat uitlslag verskyn totdat laaste rofies verdwyn het |
| Witseerkeel | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Longontsteking | Nadat toestand heeltemal opgeklaar is |
| Ooginfeksies – insluitende “Pink Eyes” | Nadat infeksie heeltemal opgeklaar is |
| Hand-voet-mond-virus | Nadat blasies opgedroog het |

## Personeel:

Alle personeel is opgelei of besig om te studeer. Ons skooltjie is deel van SA Child Care se assosiasie en hulle verskaf ook kursusse soos noodhulp, brandbestreiding, en ander kursusse wat die personeel van tyd tot tyd bywoon of aanlyn doen. Ons is ook lede van Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) wat opleiding en kleuterskole bystaan met die Elda kurrikulum en opknappingskursusse verskaf. So bly ons personeel op hoogte van die nuutste inligting in ons sektor en op standaard.

**Geen** personeellid van Kiddie Junction mag onder enige omstandighede, na-uurs deur enige ouer indiens geneem word nie. Indien ñ personeellid hierdie reël oortree is daar ongelukkig dissiplinêre stappe wat teen die personeellid geneem gaan moet word. Ons vra asb. u samewerking in die verband.

Daar is ñ baie goeie motivering in die beste belang van ons leerders, waarom hierdie reëling geld.
U kind se ontwikkeling en veiligheid is ons top prioriteit by Kiddie Junction!

**Ouer Handtekening** **Ouer Handtekening** **Dr. Kobie / Rihandi Handtekening**

## Algemeen:

- Beperk jou kind se suikerinname en bou so sy/haar immuunstelsel op.
- Water drink word baie aangemoedig deur die loop van die dag. Pak asseblief genoeg water in.
- Sprinkle Spray kom elke Donderdag.
- Foute en verkeerde keuses maak is deel van grootword.

# Onderneming deur ouers:

Ek/Ons, die ouer(s)/voog(de) van ______________________________________________ (kleuter se naam) erken hiermee ontvangs van die Inligtingstuk wat die skoolreëls, missie en toelatingsvereistes uiteensit en erken hiermee dat ek/ons ten volle vertroud is met die inligtingstuk, dit gelees het, verstaan en word sodanige inligtingstuk hierby geïnkorporeer deur ons parawe.



Parafeer

Tel: 012 754 2100
Email: finance@kiddiejunctionkleuterskool.co.za
Reg No: 2015/0142111/08

713 Stephan Street
Montanapark 0182
PO Box 908125 Montana 0151

Ek/Ons aanvaar die volle implikasies en verantwoordelikhede wat die skoolreëls aan my/ons opdra.

Ek/Ons onderneem om te verseker dat beide ek/ons as ouer(s) en my/ons kind(ers) die skoolreëls sal gehoorsaam.

Ek/Ons onderneem om woonadres, telefoonnommers en mediese inligting wat verander het, onmiddellik aan te meld.

Ek/Ons,______________________________________________________________(naam van persoon verantwoordelik vir die rekening) onderneem om die fooi wat tans R_______________ soos uiteengesit in die inligtingstuk, beloop maandeliks voor of op die 7de van elke maand te betaal, deur middel van internetbetaling in die volgende rekening, **FNB Rekeningnommer 62520878911**, vir ___________________________________________________________ (kleuter se naam).

Ek/Ons verstaan dat:

- ‘n Kalendermaand kennisgewing geld;
- Deposito is slegs terugbetaalbaar indien kalendermaand kennis gegee is;
- Ontwikkelingsfooie asook reseveringsfooie is nie terugbetaalbaar nie;
- Deposito sal slegs van skoolgeld afgetrek word vir Desember indien kleuter Gr R toe gaan;
- Die skoolgeld betaalbaar is vir 12 maande.

**Indien u kennis gee 1 November sal u steeds aanspreeklik gehou word vir November en Desember se tarief.**

| ______________ | ______________ | ____________________ |
|---|---|---|
| **Ouer Handtekening** | **Ouer Handtekening** | **Dr. Kobie / Rihandi Handtekening** |

Ek/Ons bevestig dat ek/ons verantwoordelikheid neem vir alle skoolfooie ten opsigte van versorging van my/ons kind(ers) wat verskuldig is. Indien ek/ons versuim om hierdie ooreenkoms na te kom sal ek/ons verantwoordelik gehou word vir alle agterstallige fooie, enige regskostes, rente of invorderingskostes wat voortspruit uit die nie-betaling van die skoolfooie.

Ek/Ons neem kennis van my/ons verantwoordelikhede as ouer(s) in samewerking met die personeel, om te verseker dat ons kind(ers) die beste moontlike sorg ontvang.
Geteken te ____________________op die __________ dag van ______________20_____

______________________ ______________________
Handtekening ouer/voog Handtekening ouer/voog

Ek hoop en vertrou dat ons as skool en u as ouers, saam vir u kind net die beste kan bied.

Kiddie Junction

_________________
Hoof / Adjunkhoof



Parafeer